

Soek jy 'n fantastiese tutor?

www.teachme2.com/matriek





basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

VERBRUIKERSTUDIES

NOVEMBER 2024

NASIENRIGLYNE

PUNTE: 200

Hierdie nasienriglyne bestaan uit 20 bladsye.

AFDELING A: KORTVRAE**VRAAG 1**

1.1	1.1.1	A✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.165; Suksesvol, p.182)</i>	(1)
	1.1.2	C✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.166; Suksesvol, p.184)</i>	(1)
	1.1.3	B✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.176; Suksesvol, p.195)</i>	(1)
	1.1.4	D✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.181; Suksesvol, p.199)</i>	(1)
	1.1.5	C✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.158; Suksesvol, p.175)</i>	(1)
	1.1.6	B✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.98; Suksesvol, p.118)</i>	(1)
	1.1.7	C✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.106; Suksesvol, p.129)</i>	(1)
	1.1.8	D✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.76; Suksesvol, p.90)</i>	(1)
	1.1.9	A✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.71; Suksesvol, p.78)</i>	(1)
	1.1.10	D✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.72; Suksesvol, p.82)</i>	(1)
	1.1.11	C✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.64; Suksesvol, p.72)</i>	(1)
	1.1.12	B✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.55; Suksesvol, p.62)</i>	(1)
	1.1.13	B✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.49; Suksesvol, p.51)</i>	(1)
	1.1.14	D✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.122; Suksesvol, p.140)</i>	(1)
	1.1.15	C✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.122; Suksesvol, p.140)</i>	(1)
	1.1.16	A✓	<i>Verstaan, maklik (Verken, p.24; Suksesvol, p.25)</i>	(1)
	1.1.17	B✓	<i>Onthou, maklik (Verken, p.25; Suksesvol, p.25)</i>	(1)
	1.1.18	D✓	<i>Analiserings, matig (Verken, p.35; Suksesvol, p.34)</i>	(1)
	1.1.19	C✓	<i>Analiserings, maklik (Verken, p.27; Suksesvol, p.26)</i>	(1)
	1.1.20	D✓	<i>Analiserings, matig (Verken, p.16; Suksesvol, p.22)</i>	(1)

1.2	1.2.1	Inflasie✓		
	1.2.2	Rente✓		
	1.2.3	Repo/ terugkoopkoers✓		
	1.2.4	Verbruikersprysindeks/ VPI✓		(4)
<i>Onthou, maklik (Verken, p.166-167; Suksesvol, p.183-185)</i>				
1.3	1.3.1	B✓		(1)
	1.3.2	C✓		(1)
	1.3.3	A✓		(1)
	1.3.4	G✓		(1)
	1.3.5	E✓		(1)
<i>Onthou, matig (Verken, p.93-95; Suksesvol, p.112-114)</i>				
1.4	1.4.1	Teikenmark/ groep✓		(1)
	1.4.2	Oorhoofse/ bokoste/ bedryfskoste✓		(1)
	1.4.3	Verkoopprys✓		(1)
	1.4.4	(Produk) Spesifikasie✓		(1)
<i>Onthou, matig (Verken, p.16,20,37,38; Suksesvol, p.11,21,28-39)</i>				
1.5	B✓			
	C✓			
	F✓		(Enige volgorde)	(3)
<i>Verstaan, maklik (Verken, p.51; Suksesvol, p.54)</i>				
1.6	A✓			
	C✓			
	F✓			
	H✓		(Enige volgorde)	(4)
<i>Verstaan, matig (Verken, p.150; Suksesvol, p.161)</i>				

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B: LANGVRAE**VRAAG 2: DIE VERBRUIKER**

2.1 Noem die tipe swendelskema waar 'n epos aan 'n verbruiker gestuur word, wat voorgee dat dit van 'n bank of finansiële instelling kom.

Uitvissing/hengel/ bank/ aanlynswendelskema✓ (1)
Onthou, maklik (Verken, p.159; Suksesvol, p.177)

2.2 Verduidelik die volgende terme:

2.2.1 *Hernubare vorms van energie*

- Bronne van energie wat in die natuur teenwoordig is soos die son/ wind/ water/ hout.✓¹ Hulle word aanhoudende aangevul/ vervang✓² en sal dus nooit uitgeput raak nie/ is volhoubaar.✓³ (Enige 2) (2)

Onthou, matig (Verken, p.170; Suksesvol, p.191)

2.2.2 *Afkoeltydperk*

- Die hoeveelheid tyd/ VYF besigheids/ werksdae✓¹ wat die wet 'n verbruiker wat 'n kontrak onderteken het gee, om die kontrak te kanselleer✓² sonder 'n rede/ finansiële implikasies.✓³
- Dit is van toepassing op alle transaksies wat die gevolg van direkte bemerking is/ wat die verbruiker nie begin het nie.✓⁴
- Die besigheid het SEWE tot VYFTIEN werksdae om die verbruiker terug te betaal✓⁵ na die kansellasië. (Enige 3) (3)

Onthou, matig (Verken, p.157; Suksesvol, p.173)

2.3 Verduidelik hoe indirekte belasting van Suid Afrikaners ingevorder word.

- Dit word outomaties in gevorder deur dit in te sluit/ versteek in die prys van goedere of dienste.✓¹
- Dit word ingevorder deur/ ingesluit in BTW/ heffings (brandstof/ omgewings)/ aksynsbelasting (sondebelasting)/ lisensies/ invoerbelasting/ lugpassasiersbelasting.✓² (Enige 1) (1)

Verstaan, maklik (Verken, p.164; Suksesvol, p.180)

LET WEL: Leerders kan nie slegs deur 'n voorbeeld te gee 'n punt toegeken word nie.

2.4 2.4.1 Noem die tipe produkte wat die verkoper in Suid Afrika verkoop.

Grysgoedere/ parallelle / skuil invoere.✓ (1)
Onthou, maklik (Verken, p.158; Suksesvol, p.176)

2.4.2 Verduidelik hoe die verkoper die produkte wettig na Suid Afrika ingevoer het.

Deur invoerfooie/ doeanebelasting te betaal^{✓1} deur nie-amptelike/ ongemagtigde verspreidingskanale/ word vanaf ander lande sonder die toestemming van die vervaardigende land ingebring.^{✓2}
(Enige 1) (1)

Verstaan, maklik (Verken, p.158; Suksesvol, p.176)

2.5 Verduidelik die verskil tussen 'n uitsluitingsklousule en 'n onbillike sakepraktyk.

- 'n Uitsluitingsklousule is in 'n kontrak^{✓1} en dit vrywaar/ stel een party vry van enige aanspreeklikheid indien hulle nie die ooreenkoms nakom nie.^{✓2} Dit is wettig.^{✓3}
- 'n Onbillike sakepraktyk is wanneer 'n verskaffer op 'n onbillike manier probeer om 'n verbruiker te beïnvloed of te teister^{✓4} om sake met hom te doen/ dit sluit in bedrog/ wanvoorstelling/ misleidende/ onderdrukkende/ onredelike optrede teenoor verbruikers.^{✓5} Dit is onwettig.^{✓6} (Enige 4) (4)

Verstaan, maklik (Verken, p.157; Suksesvol, p.174)

2.6 Verduidelik die voordele daarvan om in Suid Afrika deel van 'n stokvel te wees.

- Stokvel is wettig^{✓1} omdat al die lede weet hoe die geld belê gaan word.^{✓2}
- Dit is 'n vorm van spaar/ belegging/ 'n manier om lede te dwing/ verplig om elke maand geld weg te sit^{✓3} met toekomstige voordele.^{✓4}
- Alle lede is bewus van die datum van uitbetaling/ wanneer die voordele ontvang sal word. ^{✓5}
- Alle lede kom ooreen oor die risiko's wat hulle bereid is om te neem.^{✓6}
- Bydrae word tot 'n gesamentlike fonds/ pot geld gemaak.^{✓7}
- Alle lede dra gereeld/ gelyke hoeveelheid by^{✓8} en kan van die winste/ rente^{✓9} trek/ deel, gewoonlik vir 'n spesifieke doel/ groot aankope.^{✓10}
- Bankkoste is laer omdat dit onder al die lede van die stokvel verdeel word.^{✓11}
- Daar is beperkte finansiële verlies/ selfs wanneer 'n lid afsterf sal die familie steeds hulle deel van die voordele ontvang.^{✓12}
- Lede kan van krediet voorsien word/ leen uit die fonds.^{✓13}
- Dit dien as 'n ondersteuningsnetwerk/ bevorder sosiale verbintenisse/ het 'n onthaal funksie.^{✓14} (Enige 5) (5)

Verstaan, maklik (Verken, p.161; Suksesvol, p.177-178)

2.7 Bespreek hoe die funksies van die wasmasjien help om elektrisiteitverbruik te verminder.

- 'n Energiedoeltreffende wasmasjien gebruik minder elektrisiteit.✓¹
- Dit het 'n opsie van 'n kouewater was, wat beteken dat geen elektrisiteit gebruik sal word om die water te verhit nie.✓²
- Dit het 'n 'super' vinnige funksie wat beteken dat dit vinnig sal wees✓³ en minder elektrisiteit sal gebruik.
- Die outomatiese kapasiteitaanwyser sal verseker dat maksimum lading gewas word/ die watervlak/ type siklus sal aangepas word volgens doe ladinggrootte.✓⁴
- Kreukelbestandheid verminder elektrisiteit omdat dit nie nodig is om te stryk nie.✓⁵
- 'n Voorlaaier gebruik minder elektrisiteit as 'n bolaaier/ dubbelbalie. ✓⁶

(Enige 4)

(4)

*Toepassing, matig (Verken, p.174; Suksesvol, p.193)***2.8 Stel maniere voor waarop gemeenskappe waterbesoedeling kan verminder om die toestand van Alle riviere te verbeter.**

- Moenie rommel/ vullis/ plastiek in riviere gooi nie.✓¹
- Moenie rommel in die strate gooi nie omdat reënwater dit na riviere kan lei.✓²
- Hulle moenie in riviere urineer nie✓³ rioolstorting✓⁴ in riviere toelaat nie om besoedeling te voorkom.
- Hulle kan ophou om hul klere in die riviere te was.✓⁵
- Hulle moenie hulself in die riviere was/ bad nie✓⁶
- Moenie toelaat dat dieremis in kontak met die rivier kom nie.✓⁷
- Gebruik bio-afbreekbare wasmiddels/ omgewingsvriendelike skoonmaakmiddels.✓⁸
- Moenie skadelike plaagdoders en bemestingstowwe oormatig gebruik nie omdat dit in die riviere kan vloei.✓⁹
- Rapporteer/ vermy onwettige afval/ olie/ verf/ chemikalieë-storting in die riviere.✓¹⁰
- Organiseer gemeenskap bewusmaking/ skoonmaakveldtogte rondom die riviere.✓¹¹

(Enige 4)

(4)

Verstaan, matig (Verken, p.178; Suksesvol, p.197-198)

2.9 Bespreek die rol wat gemeenskappe kan speel om munisipaliteite te help om hulle skuld aan Eskom te verminder.

- Hulle moet elektrisiteit wat hulle gebruik koop of daarvoor betaal/ vooraf betaalbare meters installeer^{✓1} sodat munisipaliteite fondse kan hê om aan Eskom te betaal.^{✓2}
- Hulle moet erfbelasting^{✓3} betaal sodat van die geld gebruik kan word om die skuld te diens.
- Moenie onwettige elektriese bewyse koop nie^{✓4} omdat minder geld aan munisipaliteite^{✓5} betaal sal word. om hul skuld aan Eskom te verminder.
- Hulle moenie elektrisiteit onwettig koppel nie^{✓6} omdat hulle nie enige geld aan die munisipaliteit sal betaal nie^{✓7} en elektrisiteit gratis gebruik.^{✓8}
- Reël vir 'n afbetalingsplan indien hulle nie die volle bedrag kan bekostig nie^{✓9} om aan munisipaliteite fonds te voorsien om hul skuld te diens.^{✓10}
- Gebruik hernubare/ alternatiewe bronne van elektrisiteit/ sonkrag omdat dit nie die skuld sal verhoog nie.^{✓11}
- Hulle moenie elektriese strukture vandaliseer/ vernietig^{✓12} en elektriese kables steel nie^{✓13} omdat dit die munisipaliteit geld sal kos om dit te herstel of te vervang^{✓14} en munisipaliteite sal nie genoegsame fondse hê om aan Eskom te betaal nie.^{✓15}
- Rapporteer wanneer hulle van mense weet wat onwettig elektrisiteit koppel/ elektriese strukture vandaliseer/ kables/ elektrisiteit steel.^{✓16}

(Enige 6)

(6)

Toepassing, matig (Verken, p.183-184; Suksesvol, p.201-204)

2.10 Analiseer die impak wat die verhoogde minimum loon op Suid-Afrikaanse huishoudings en die ekonomie sal hê.**Positief**

- Die lewenskwaliteit van baie mense sal verbeter✓¹ omdat hul inkomste sal verhoog.✓²
- Mense sal meer geld hê om te spandeer en sal dus hul basiese behoeftes kan bevredig✓³ en voedselsekerheid verbeter.✓⁴
- Minder huishoudings sal van NROs afhanklik wees vir ondersteuning.✓⁵
- Daar kan 'n klein vermindering in armoede✓⁶ wees omdat mense meer besteebare inkomste mag hê om te bestee.✓⁷
- Sommige verbruikers mag in staat wees om klein bedrae geld vir hul toekoms te spaar.✓⁸
- Huishoudings mag in staat wees om hul skuld te verminder.✓⁹
- Huishoudings mag nou kan bekostig om krediet/ lening kry.✓¹⁰
- Die land se ekonomie sal verbeter.✓¹¹
- Hulle sal belasting✓¹² betaal op die ekstra produkte wat hulle nou kan bekostig.

Negatief

- Arbeidskoste sal verhoog✓¹³ wat mag veroorsaak dat sommige werknemers hul werk verloor/ afgedank✓¹⁴ word indien werkgewers nie kan bekostig om die nuwe basiese loon te betaal nie.✓¹⁵
- Die besighede sal produksiekoste verhoog✓¹⁶ om die verhoogde minimum loon te dek, wat sal veroorsaak dat verbruikers meer vir goedere en dienste betaal✓¹⁷ en minder besteebare inkomste het.✓¹⁸
- Meer mense sal vir sosiale toelae registreer,✓¹⁹ wat die staatsbesteding op sosiale toelae sal verhoog.✓²⁰
- Mense mag meer op NROs vir onderhoud staatmaak omdat hulle nie in staat mag wees om aan hul behoeftes te voorsien nie.✓²¹
- Die prys van goedere en diefstal sal verhoog✓²² wat publieke besteding sal vertraag.✓²³
- Inflasie sal verhoog.✓²⁴
- Alhoewel die minimum loon verhoog het, mag dit nie genoeg wees om 'n merkwaardige verskil✓²⁵ in die besteebare inkomste te maak nie en baie gesinne sal nog steeds in armoede leef.✓²⁶

(Enige 8)

(8)

*Analiserings, moeilik (Verken, p.167-168; Suksesvol, p.184-185)***[40]**

VRAAG 3: VOEDSEL EN VOEDING**3.1 Verduidelik die volgende terme:****3.1.1 Voedselbestraling**

'n Tegnologie/ die gebruik van kort lig-en radiogolwe^{✓1} wat mikroörganismes/ patogeniese bakterieë^{✓2} en insekte^{✓3} in voedsel verminder of vernietig/ verbeter die veiligheid/ aanvaarbaarheid/ raklewe.^{✓4}

(Enige 3) (3)

Onthou, maklik (Verken, p.105; Suksesvol, p.127)

3.1.2 Glukemiese indeks van voedsel

Dit meet hoeveel voedsel wat koolhidrate^{✓1} bevat die bloedglukosevlak sal laat styg^{✓2} op 'n skaal^{✓3} van 1-100.

OF

Glukemiese indeks rangskik voedsel wat koolhidrate bevat^{✓1} gebaseer op hoe vinnig en tot watter mate bloedglukosevlakke styg^{✓2} nadat hierdie voedsels geëet/ verteer is, op 'n skaal^{✓3} van 1-100.

(Enige 2) (2)

Onthou, matig (Verken, p.71; Suksesvol, p.77)

3.2 Verduidelik die betekenis van ELK van die volgende datumstempels wat op voedsel-etikette gevind word:**3.2.1 'Beste voor'**

- Die einde van die periode wat die produk op sy beste gehalte sal wees.^{✓1}
- Produkte is veilig vir verbruik na hierdie datum.^{✓2}

(Enige 1) (1)

3.2.2 'Gebruik teen'

Produkte moenie na hierdie datum gebruik word nie/ dui die periode aan waarteen die produk van goeie gehalte/ veilig sal wees om te eet.[✓]

(1)

3.2.3 'Verkoop teen'

Die laaste dag waarop produkte vir verkope aangebied moet word,^{✓1} maar kan steeds na hierdie datum gebruik word.^{✓2}

(Enige 1) (1)

Onthou, matig (Verken, p.98; Suksesvol, p.118)

3.3 Noem maniere waarop die oordrag van voedseloordraagbare siektes voorkom kan word.

- 'n Persoon moet hul hande was voordat hulle aan voedsel raak.✓¹
- 'n Persoon moet hul hande was nadat die toilet gebruik / doeke omgeruil is✓² voordat voedsel hanteer word.
- 'n Besmette persoon/ persoon met simptome moenie voedsel vir ander mense voorberei nie. ✓³
- Rou voedsel moet deeglik in skoon veilige water gewas word✓⁴ voordat dit gebruik word om infeksie te voorkom.
- Gereedskap wat gebruik word om rou voedsel voor te berei, moet deeglik na gebruik gewas word.✓⁵
- Gereedskap wat gebruik word om voedsel te eet/ voedsel voor te berei moet deeglik gewas word voordat dit deur ander mense gebruik word.✓⁶
- Maak werkoppervlakke deeglik skoon.✓⁷
- Vleis moet deeglik gaargemaak word.✓⁸
- Melk moet gepasteuriseer word voordat dit gebruik word.✓⁹
- Voorkom kruiskontaminasie tussen rou en gaar voedsel.✓¹⁰
- Hou voedsel teen veilige temperature.✓¹¹
- 'n Persoon moenie besmette voedsel eet nie✓¹²
- 'n Persoon moenie besmette water drink nie/ besmette water moet behandel word/gekook word voordat dit gebruik word.✓¹³ (Enige 5)

Onthou, maklik (Verken, p.89-91; Suksesvol, p.103-109)

3.4 Onderskei tussen *organiese voedsel* en *geneties gemodifiseerde voedsel*, volgens die gegewe kriteria. Tabuleer jou antwoord soos volg.

Kriteria	Organiese voedsels	Geneties-gemodifiseerde voedsels
Tyd om te groei	<ul style="list-style-type: none"> • Neem 'n lang tyd om te groei.✓¹ (1) 	<ul style="list-style-type: none"> • Neem 'n kort tyd om te groei.✓² (1)
Opbrengs	<ul style="list-style-type: none"> • Het 'n lae opbrengs/ hulle voed min mense.✓³ (1) 	<ul style="list-style-type: none"> • Het 'n groot opbrengs/ meer mense kan gevoed word.✓⁴ (1)
Raklewe	<ul style="list-style-type: none"> • Het 'n natuurlike raklewe/ het nie 'n lang raklewe nie/ hou nie lank nie.✓⁵ (1) 	<ul style="list-style-type: none"> • Het 'n lang raklewe/ sal langer hou.✓⁶ (1)
Koste	<ul style="list-style-type: none"> • Hoë produksiekoste/ duur/ nie almal kan dit bekostig nie.✓⁷ (1) 	<ul style="list-style-type: none"> • Laer produksiekoste/ bekostigbaar/ meer toeganklik vir almal.✓⁸ (1)

Verstaan, matig (Verken, p.103-104; Suksesvol, p.123-125)

3.5 3.5.1 Verduidelik hoe geblikte vis met die voorkoming van osteoporose kan help.

- Geblikte vis met bene is 'n goeie bron van kalsium^{✓1} wat benodig word om sterk bene te bou/ verhoog beendigheid.^{✓2}
- Pilchards (Pelsers)/ olierige vis is 'n goeie bron van vitamien D^{✓3} en fosfor^{✓4} wat benodig word vir die absorpsie van kalsium^{✓5} en insluiting van kalsium in die bene.^{✓6}
- Die proteïene^{✓7} in die vis is nodig vir normale kollageen sintese^{✓8} wat bydra in die voorkoming van osteoporose.

(Enige 4) (4)

Verstaan, maklik (Verken, p.76; Suksesvol, p.90)

3.5.2 Geblikte vis sal Suid Afrikaners help om voedselonsekerheid te beveg.

Regverdig die stelling.

- Geblikte vis hou vir 'n lang tydperk/ het 'n lang raklewe,^{✓1} kan in grootmaat aangekoop word^{✓2} en sal nie deur beurtkrag^{✓3} geaffekteer word nie, wat beteken dat mense vir 'n langer tydperk veilige voedsel^{✓4} sal hê.
- Geblikte vis is voedsaam/ gesond^{✓5} en 'n goeie bron van kalsium/ vitamien D/ proteïene/ omega 3/ yster/ selenium^{✓6} wat wanvoeding mag voorkom.^{✓7}
- Dit is vrygestel van BTW^{✓8} wat dit meer bekostigbaar/ goedkoper^{✓9} as vleis/ vleisalternatiewe en baie mense kan bekostig om dit te koop.
- Dit kan sonder dat dit gaargemaak word geëet word.^{✓10}
- Dit kan op verskeie maniere voorberei word om die voedsingswaarde te verhoog.^{✓11}
- Geblikte vis is maklik beskikbaar/ toeganklik.^{✓12}
- Geblikte vis is maklik om te verpak/ vervoer/ versprei.^{✓13}
- Een blik vis kan verleng word om baie mense te voed.^{✓14}

(Enige 4) (4)

Analiserings, moeilik (Verken, p.106; Suksesvol, p.128-129)

3.6 3.6.1 Noem die hooforsaak van Tipe 1-diabetes.

Die pankreas mag beskadig wees/ nie insulien / nie genoeg insulien produseer nie.[✓]

(1)

Onthou, maklik (Verken, p.72-73; Suksesvol, p.80)

3.6.2 Noem hoe Tipe 1 diabetes bestuur word.

- Insulieninspuiting^{✓1}
- Diabetiese dieet (Lae GI voedsel/ eet gereeld klein maaltye/ lae vet dieet/ hoë dieet/ vermy versteekte. suikerryke voedsels/ minder soutige voedsel).^{✓2}
- (Gereelde) oefening.^{✓3}

(Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, p.72; Suksesvol, p.80-82)

3.6.3 Evalueer die geskiktheid van die 'Dagwood' toebroodjie vir 'n persoon met met diabetes.

- Die 'Dagwood' toebroodjie is hoog in energie/ kilojoules^{✓1} wat nie goed is vir 'n persoon met diabetes nie omdat diabetese 'n gesonde gewig behoort te onderhou.^{✓2}
- Die 'Dagwood' toebroodjie bevat witbrood wat hoog in verfynde koolhidraatstysel^{✓3} is en 'n hoë GI^{✓4} bevat wat 'n skerp styging in die bloedglukosevlakke/ hiperglukemie mag veroorsaak.^{✓5}
- Die witbrood het 'n lae veselinhoud^{✓6} wat nie goed is nie omdat vesel vertering vertraag/ die honger gevoel vertraag/ maak dat jy langer versadig voel.^{✓7}
- Tamaties/ slaablare is ryk in (dieet) vesel wat voorkom dat mense ooreet^{✓8} en wisseling in bloedglukosevlakke voorkom.^{✓9}
- Die 'Dagwood' toebroodjie bevat beesvleis 'patties'/ geprosesseerde kaas/ gebraaide eiers wat hoog in vet is.^{✓10} 'Patties' bevat baie transvette^{✓11} wat vermy/ beperk moet word^{✓12} omdat diabetiese mense meer vatbaar vir hartsiektes/ beroerte is.^{✓13}
- Die kaas/ "patties" is hoog in sout/ natrium^{✓14} wat die bloeddruk kan laat styg, wat lei tot hartsiekte/ beroerte wat 'n risiko vir diabetese is.^{✓15}
- Diabetese behoort gereelde klein maaltye in te neem^{✓16} en die dagwood is 'n groot gereg wat nie aanbeveel word nie. (Enige 7)

Gevolgtrekking: Die 'Dagwood' toebroodjie is nie geskik^{✓17} vir 'n persoon wat diabetese is nie. Dit sal nie die bloedglukosevlak in stand kan hou nie.

(1) (8)

Evaluering, moeilik (Verken, p.73; Suksesvol, p.82-83)

LET WEL: 'Meer vatbaar vir hartsiekte/ beroerte' kan slegs eenkeer 'n punt toegeken word.

[40]

VRAAG 4: KLEDING**4.1 Gee EEN voorbeeld van 'n plantgebaseerde volhoubare hernubare tekstiel.**

Hennep/ Bamboes/ Vlas/ Soja/ (Organiese) katoen wat in 'n omgewingsvriendelike manier gekweek is.✓

Onthou, maklik (Verken, p.62; Suksesvol, p.68)

(1)

4.2 Noem DRIE kenmerke van kleremaatskappye wat billike sakepraktyke nakom.

- Betaal 'n billike loon.✓¹
- Bied goeie werksomstandighede✓² en ordentlike werksure.✓³
- Voldoen aan arbeids/ siviele/ veiligheidswette.✓⁴
- Gebruik nie kinderarbeid nie.✓⁵
- Ondersteun omgewingsvolhoubaarheid/ beskerming van die omgewing.✓⁶

(Enige 3)

(3)

Onthou, maklik (Verken, p.61; Suksesvol, p.69)

4.3 4.3.1 Gee TWEE redes waarom die modesiklusse oorvleuel.

- Soos een mode se gewildheid afneem✓¹ begin 'n ander mode.✓²

OF

- Die begin van 'n nuwe mode-item✓³ oorvleuel met die afname van die vorige mode.✓⁴

(Enige 2)

(2)

Verstaan, matig (Verken, p.50; Suksesvol, p.50)

4.3.2 Skryf 'n paragraaf om die interverwantskap tussen die piek/ hoogtepunt stadium in die modesiklus en kontemporêre mode te beskryf.

Kontemporêre mode is klere/ mode wat baie/ meeste mense✓¹ tans dra✓² en dit is bekostigbaar.✓³ Dit sal beteken dat die mode sy hoogtepunt in gewildheid bereik het.✓⁴ Dit word in massas geproduseer/ in groeiende getalle geproduseer✓⁵ en word deur klerewinkels in tydskrifte/ vensteruitstallings/ sosiale media geadverteer.✓⁶

(Enige 4)

(4)

Verstaan, matig (Verken, p.49-50; Suksesvol, p.49-50)

4.4 Beskryf waarom hierdie uitrusting geskik is om op 'n warm somersdag vir 'n loslit Vrydag na 'n korporatiewe werkplek te dra.

- Die pak is formeel/ professioneel^{✓1} en pas in die maatskappy se kleredragkode.^{✓2}
- Die pak/ T-hemp/ All-star hardloopskoene is klassiek en tydloos/ kan vir baie seisoene/ 'n lang tydperk/ gedra word.^{✓3}
- Die T-hemp/ 'All-star' hardloopskoene maak die uitrusting minder formeel^{✓4} wat geskik is vir loslitdag.
- Ligblou is 'n koel kleur.^{✓5} Wit/ ligblou sal koel vertoon/ voel^{✓6} op 'n somersdag.
- Ligte klere reflekteer lig/ hitte weg vanaf die liggaam.^{✓7}
- Katoen is koel/ gemaklik om te dra.^{✓8}
- Die baadjie kan verwyder word.^{✓9}
- Die baadjie se knope kan los gemaak word.^{✓10}

(Enige 4) (4)

*Toepassing, matig (Verken, p.56-57; Suksesvol, p.59)***4.5 Analiseer hoe die volgende faktore kontemporêre mode wat verbruikers in 2024 gedra het, kon beïnvloed het.****4.5.1 Verhoogde rente op klerewinkel-kredietkaarte.**

- Verbruikers het meer rente op hul klerewinkel-kredietkaarte betaal,^{✓1} en mag dus nie in staat was om baie nuwe klere/ gereeld klere te koop nie.^{✓2}
- Die aanvraag vir klere-items mag verminder het,^{✓3} wat oormatige aanbod tot gevolg gehad het.^{✓4} Dit kon veroorsaak het dat klerewinkels hul pryse verlaag/ 'n verlies gelei het.^{✓5} Dit kon veroorsaak het dat minder klere/ mode vervaardig is.^{✓6}

(Enige 3) (3)

4.5.2 Verhoogde elektrisiteitskoste.

- Hoër elektrisiteitskoste het die produksiekoste verhoog,^{✓1} dus die prys van kontemporêre mode verhoog het.^{✓2}
- Verbruikers het meer betaal^{✓3} vir kontemporêre mode, wat minder klereaankope tot gevolg gehad het.^{✓4}
- Verbruikers het meer vir elektrisiteit betaal^{✓5} dus minder besteebare inkomste/ geld gehad om op kontemporêre mode te bestee.^{✓6}

(Enige 3) (3)

*Analiserings, moeilik (CAPS, p.32-33; Verken, p.49; Suksesvol, p.53)***[20]**

VRAAG 5: BEHUISING EN INTERIEUR**5.1 Noem TWEE hoofpartyte wat by 'n huurooreenkoms betrokke is.**

- Huurder✓¹
- Verhuurder/ huiseienaar✓²

Onthou, maklik (Verken, p.117; Suksesvol, p.137)

(2)

5.2 Verduidelik wat 'n verbandakte is.

'n Verbandakte is 'n dokument wat 'n koper onderteken om te onderneem/ belowe dat hy/sy die lening op vaste eiendom/ huis✓¹ aan die bank/ finansiële instelling✓² sal terug betaal.✓³ Die reg oor eiendom van 'n ander.✓⁴

(Enige 2)

(2)

Onthou, matig (Verken, p.126; Suksesvol, p.145)

5.3 Beskryf waarom dit vir huiseienaars belangrik is om omvattende huiseienaarsversekering te hê.

Omvattende Huiseienaarsversekering sal enige verliese dek✓¹ indien die huis se struktuur/ permanente toebehore skade ly as gevolg van 'n natuurramp/ storm/ oorstroming/ 'n ongeluk/ gebarste warmwatersilinder/ politieke onrus/ vuur.✓²

(2)

Verstaan, maklik (Verken, p.127; Suksesvol, p.145)

5.4 Onderskei tussen 'n koopaanbod-ooreenkoms en 'n verkoopakte-ooreenkoms.

'n **Koopaanbod-ooreenkoms** is 'n dokument waarin die koper 'n aanbod aan die verkoper maak om die eiendom te koop,✓¹ wat die voorwaardes en voorwaardes✓² en die bedrag✓³ bevat wat vir die verkoop van die eiendom aangebied word.

Die **verkoopakte/ koopakte-ooreenkoms** is wanneer beide die koper en die verkoper die koopaanbod-dokument onderteken,✓⁴ wat dan die verkoopakte genoem word. Die koper is dan deur die wet verbind om die eiendom te koop.✓⁵

(Enige 4)

(4)

Verstaan, matig (Verken, p.125; Suksesvol, p.142)

5.5 Verduidelik waarom dit waarskynlik steeds beter is om 'n huis te bou eerder as om 'n bestaande voltitelhuis te koop.

- Die eienaar kan op hul eie pas bou✓¹ en die bouproses kan vir 'n rukkie gestaak word indien fondse nie beskikbaar is nie.✓²
- Die huise wat beskikbaar is mag dalk nie in 'n baie goeie toestand wees nie.✓³
- Die eienaar gaan nie probleme van 'n ander eiendom oorerf nie.✓⁴
- Die huis kan volgens die eienaar se behoeftes en smaak ontwerp word.✓⁵
- Die eienaar kan al die nuutste eienskappe en toebehore kies✓⁶ en die toebehore is nuut en behoort te werk.✓⁷
- Die eienaar kan al die jongste ontwerpe en tegnologie kies.✓⁸
- Dit is moontlik om 'n omgewingsvriendelike huis te skep.✓⁹
- Dit kan bevredigend wees om deel van die bouproses te wees.✓¹⁰
- Dit kan minder kos indien die eienaar die bouer is.✓¹¹
- Die eienaar kan kies waar om te bou.✓¹²
- Daar is geen oordragkoste nie.✓¹³
- Nuwe huise word oor die algemeen in nuwe areas wat groei, gebou wat sal help met die toekomstige herverkoopwaarde.✓¹⁴ (Enige 5) (5)

Verstaan, matig (Verken, p.121; Suksesvol, p.138)

5.6 Beskryf die positiewe omgewingsimpak van die mikrogolfoond.

- Dit verhit vinniger✓¹ omdat dit kleiner as 'n konvensionele oond wat beteken dat dit minder elektrisiteit gebruik/ energie doeltreffend is✓² wat 'n kleiner koolstofvoetspoor laat.✓³
- Rooster/ bak/ lugbraai bespaar elektrisiteit omdat dit nie vooraf verhitting✓⁴ vereis nie.
- Die tydreëlaar/ tydskakelaar stop outomaties die gaarmaakproses om oorgebruik van elektrisiteit te voorkom.✓⁵
- Minder toestelle hoof vervaardig te word✓⁶ wat beteken dat minder grondstowwe gebruik word,✓⁷ wat minder skade/ minder besoedeling aan die omgewing veroorsaak.✓⁸
- Dit verminder die hoeveelheid e-afval✓⁹ omdat daar slegs van een toestel weggedoen moet word in plaas van verskeie toestelle.✓¹⁰
- Die e-afval van een mikrogolfoond kan herwin word✓¹¹ wat dit meer omgewingsvriendelik maak. (Enige 5) (5)

Analiserig, moeilik (Verken, p.138; Suksesvol, p.155)

[20]

VRAAG 6: ENTREPRENEURSKAP**6.1 Definieer die *slegste-verkope-scenario*.**

Dit is 'n vooruitskatting^{✓1} van wat kan gebeur indien die produk glad nie goed verkoop nie.^{✓2}

OF

Kom voor indien 'n besigheid minder as sy gelykbreekpunt^{✓3} verkoop en 'n verlies sal ly/ geen wins maak nie.^{✓4} (Enige 2)

(2)

Onthou, matig (Verken, p.39; Suksesvol, p.41)

6.2 Verduidelik die term *finansiële uitvoerbaarheidstudie*.

- 'n Studie om die sterkpunte^{✓1} en swakhede^{✓2} van 'n bestaande/ nuwe besigheid te ontdek. Dit gee 'n idee of die besigheid die potensiaal besit om suksesvol te wees.^{✓3}

OF

- 'n Studie om vas te stel of die besigheid 'n sukses sal wees^{✓4} nadat sy totale koste^{✓5} en moontlike inkomste oorweeg is.^{✓6} (Enige 3)

(3)

Onthou, matig (Verken, p.35; Suksesvol, p.35)

6.3 Maak 'n lys van faktore wat 'n entrepreneur in ag moet neem wanneer 'n produk vir 'n kleinskaalse besigheid gekies word.

- Aantrekkingskrag vir verbruikers^{✓1}
- Besikbaarheid van grondstowwe^{✓2}
- Besikbare werkruimte^{✓3}
- Besikbare finansiële hulpbronne^{✓4}
- Besikbaarheid van menslike vaardighede^{✓5}

(Enige 4)

(4)

Onthou, matig (Verken, p.10-13; Suksesvol, p.17-20) CAPS

6.4 Identifiseer, met voorbeelde, die P's van 'n bemarkingstrategie wat in die advertensie sigbaar is.

- Produk: Organiese voedsel^{✓1}
- Plek: Jasper se mark^{✓2}
- Prys: Onverbeterlik^{✓3}
- Promosie: Facebook/ sosiale media^{✓4}
- Persone: Kliënt/ verkoops persoon^{✓5}

(Enige 3)

(3)

Verstaan, matig (Verken, p.29-33; Suksesvol, p.28-31)

LET WEL: Beide die P en voorbeeld moet genoem word vir 'n punt.

6.5 Verduidelik die nadele van 'n besigheid wat te veel voorraad het.

- Vermorsing gaan verhoog^{✓1} weens die hoeveelheid ongebruikte voorraad/ ongebruikte bederfbare voorraad sal die verkoop teen of gebruik teen datum^{✓2} bereik.
- Te veel voorraad kan tot beskadiging lei^{✓3} wat sal veroorsaak dat die besigheid geld sal geld verloor.^{✓4}
- Die besigheid sal te veel geld belê/ vasgevang wees in die voorraad^{✓5} en minder geld sal beskikbaar wees om die besigheid te bedryf.^{✓6}
- Voorraad mag waardevolle opbergruimte opneem.^{✓7}
- Dit sal moeilik wees om die opbegplek skoon/ netjies te hou.^{✓8}
- Diefstal^{✓9} mag verhoog.

(Enige 4) (4)

*Verstaan, maklik (Verken, p.19; Suksesvol, p.22-23)***6.6 Verduidelik die positiewe impak wat hierdie verpakking op die omgewing het.**

- Suikerriet/ plantgebaseerde verpakking kan terug groei/ herskep word/ is hernubaar.^{✓1}
- Dit het die minimum impak op die omgewing/ is ekovriendelik.^{✓2}
- Dit is bioafbreekbaar,^{✓3} dus besoedel dit nie die omgewing nie.^{✓4}
- Dit kan herwin^{✓5} en hergebruik^{✓6} word wat afval verminder/ minder afval in afvalterreine^{✓7} en minder grond/ water/ lugbesoedeling^{✓8}
- Dit sal nie tot aardverwarming bydra nie.^{✓9}
- Dit het 'n lae koolstofvoetspoor/ kweekhuis effek.^{✓10}

(Enige 5) (5)

*Toepassing, matig (Verken, p.27; Suksesvol, p. 26)***6.7 6.7.1 Noem die aanvangskapitaal vir Sam se besigheid.**Geld uit die verkoop van sy ou besigheid.[✓]

(1)

*Onthou, maklik (Verken, p.11; Suksesvol, p.40)***6.7.2 Verduidelik hoe Sam 'n mededingende voordeel in sy besigheid behaal.**

- Hy verskaf opbergingsdienste aan sy kliënte.^{✓1}
- Hy gebruik ander aflewingsmaatskappye om met sy aflewings te help indien hy dit nie self kan doen nie.^{✓2}
Afwelings sal nie laat wees nie/ sy kliënte sal nie teleurgestel word nie.^{✓3}
- Hy het 'n "hybrid" aflewingswa wat gebruik kan word wanneer daar nie brandstof is nie/ nie herlaai is nie.^{✓4}
- Hy verskaf gratis toedraai dienste aan sy kliënte.^{✓5}

(Enige 2) (2)

Onthou, maklik (Verken, p.8; Suksesvol, p.11)

6.7.3 Bespreek hoe Sam verseker dat sy besigheid voortdurend 'n wins maak.

- Hy kry ekstra inkomste uit sy opbergeenheid^{✓1} en verloor nie geld omdat hy pakkette verkoop wat nie gekollekteer was nie.^{✓2}
- Hy bied meer as een diens aan^{✓3} (opbergeenhede/ afleweringdienste/ verkoop van pakkette wat nie gekollekteer was nie).
- Hy betaal nie maandelikse paaielemente vir sy bakkie nie^{✓4} omdat hy kontant daarvoor betaal het.^{✓5}
- Hy het nie terugbetalings vir lenings nie^{✓6} omdat hy sy eie geld gebruik het om sy besigheid te begin.^{✓7}
- Hy het baie kliënte omdat hy regdeur die provinsie aflewering doen.^{✓8}
- Die afleweringbesigheid is nie seisoenaal nie,^{✓9} hy sal regdeur die jaar kliënte hê.^{✓10}
- Hy sal nie kliënte verloor nie/ vervul kliënte se behoeftes^{✓11} omdat hy ander afleweringmaatskappye gebruik indien hy nie self die aflewering kan doen nie.^{✓12}
- Hy bespaar geld op salarisse omdat hy sy eie aflewering doen.^{✓13}
- Hy bespaar op uitgawes vir vervoer wanneer ander maatskappye namens hom aflewering doen.^{✓14}
- Die maatskappye waaarmee hy 'n vennootskap het sal 'n deel van hulle fooi aan hom betaal om hulle aflewering te doen.^{✓15}

(Enige 6) (6)

*Toepassing, matig (Verken, p.35; Suksesvol, p.34)***6.7.4 Verduidelik hoe Sam geld vir sy besigheid bespaar, met brandstofpryse wat aanhoudend styg.**

- Hy het 'n 'hybrid' bakkie gekoop wat beide elektrisiteit en brandstof gebruik,^{✓1} wanneer hy elektrisiteit gebruik bespaar hy op brandstof.^{✓2}
- Hy het 'n vennootskap met ander maatskappye wat hom toelaat om op brandstofkoste te bespaar wanneer hulle ritte deel.^{✓3}

(Enige 2) (2)

Verstaan, matig (Scenario)

6.8 Voorspel die positiewe impak wat die toestand van geen beurtkrag is nie, op kleinskaalse besighede kan hê.

- Die besigheid hoef nie daagliks, op 'n sekere tyd toe te maak en kliënte/ geld te verloor nie.✓¹
- Besighede mag nuwe kliënte/ nuwe besigheid by kry/ kan groei✓² omdat hulle aanhoudend oop is.✓³
- Dit is nie nodig om alternatiewe bronne van energie te koop nie✓⁴ soos kragopwekkers/ sonkrag/ omskakelaars (inverters).
- Dit is nie nodig om brandstof/ diesel te koop om kragopwekkers te vul nie.✓⁵ wat die produksiekoste en verkoopprijs sal verlaag✓⁶ en die produkte meer bekostigbaar maak.✓⁷
- Besighede is in staat om hul skuld te betaal✓⁸ omdat hulle 'n inkomste/ wins verdien.✓⁹
- Besighede wat bederfbare produkte verkoop verloor nie geld nie✓¹⁰ omdat hulle produkte nie bederf nie.✓¹¹
- Werkers word nie afgedank nie/ verloor nie hul werk nie/ se werksure word nie verminder nie✓¹² omdat die besighede aanhoudend oop is.✓¹³
- Nuwe werknemers mag in diens geneem word✓¹⁴ omdat die besighede werk/ aanhoudend oop is.✓¹⁵
- Produksie sal nie onderbreek word nie.✓¹⁶
- Werkers sal nie ledig sit terwyl hulle betaal word nie omdat daar geen elektrisiteit is nie.✓¹⁷
- Daar sal geen oortyd betaling wees nie omdat werkers normale tyd sal werk✓¹⁸ en besighede sal geld spaar.
- Werkers kan betyds by die werk wees.✓¹⁹
- Produktiwiteit sal verhoog.✓²⁰
- Meer produkte kan geproduseer word✓²¹ en dit lei tot 'n verhoging in inkomste/ wins.✓²²
- Gereedskap sal nie maklik breek nie omdat daar geen kragoplewing ("power surge") sal wees nie.✓²³
- Daar sal geen netwerk kwessies✓²⁴ wees nie en kliënte kan hul kaarte "swipe" (swiep) om aankope te doen wat meer geld in die besigheid sal bring.✓²⁵
- Daar sal beter sekuriteit wees✓²⁶ wanneer die krag al die tyd aan is wat tot minder diefstal sal lei.✓²⁷

(Enige 8)

(8)

*Analiserings, moeilik (Scenario)***[40]**

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOT TOTAAL: 200